

7 Maart

**Skrifgedeelte: Genesis 2:15-17**  
**Fokusgedeelte: Genesis 2:15-17**

### **Tuiniers in God se tuin**

**T**oe God die mens in die paradys geplaas het, het Hy aan die mens drie duidelike opdragte gegee: die mens moes die tuin van Eden <sup>(i)</sup> bewerk en <sup>(ii)</sup> bewaak (“oppas” – 1983-vertaling). Die mens kon <sup>(iii)</sup> van al die bome in die tuin eet, maar van die boom van alle kennis (“boom van die kennis van goed en kwaad” – 1953-vertaling) mag hy nie geëet het nie.

Die mens moes werk. Hulle moes tuiniers in God se wonderskone tuin wees en dit versorg en bewaak (oppas). Hulle moes landbouers in God se tuin wees. Hulle moes met graaf en pik werk, plant en saai sodat alles tot volle wasdom kon kom. Hulle moes ook die tuin oppas teen vreemde indringers. Die Here God het die mens dus met verantwoordelikheid bekleed. Hy het die mens heel vroeg reeds in sy diens gebruik. Die derde opdrag het ’n waarskuwing ingehou: julle mag eet van al die bome in die tuin, behalwe een. Die Here roep die mens op tot gehoorsaamheid.

Die geboorteplek van die sonde lê by die nie-nakoming van opdragte 2 en 3. Daar was ’n vreemde indringer, die duiwel, en in plaas daarvan dat hulle hom verban het deur gehoorsaam te wees aan God se opdrag, luister hulle na hom en eet van die boom waarvan hulle nie mag geëet het nie. Hier is die wieg van die sondeval van die mensdom. Hiervoor sou Jesus baie later aan die kruishout moes ly en sterf, om te betaal vir ons sondes en om ons te verlos.

Onthou, jy is ’n tuinier in God se tuin. Werk hard, dien die Here en wees gehoorsaam sodat God se koninkryk in sy volheid en heerlijkheid kan kom!

*Sing: Psalm 128:1 (Totius)*

*Ds. Pieter van der Walt (Bethlehem)*